

---

## April 2018

### Wêreldekonomie

Die VS-dollar is steeds besig om terug te baklei en het nou meer as +4,5% teenoor die euro behaal sedert sy laagtepunt op 15 Februarie. Die dollar is steeds -9,2% af teenoor die euro in vergelyking met presies een jaar gelede. Die olieprys in 2018 is +12,7% hoër in dollarsterme. Dit is op 'n 3,75 jaarhoogtepunt in randsterme. Die April VS-indiensnemingsverslag het 'n beskeie +164 000 nuwe poste (netto) aangedui, 'n stadige en bestendige koers. Gemiddelde uurlikse verdienste was swakker as wat verwag is, +2,6% hoër jaar tot jaar. Lande in Afrika suid van die Sahara loop toenemend die risiko van skuldnoed weens hewige lenery en enorme tekorte, ten spyte van 'n algehele styging in ekonomiese groei, het die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) gewaarsku. Die Fonds het geprojekteer dat die streekskoers van ekonomiese uitbreiding vanjaar tot 3,4% sal styg, vanaf 2,8% in 2017, aangedryf deur wêreldwye groei en hoër kommoditeitspryse.

### SA Ekonomie

Suid-Afrika se seisoenaal aangepaste Absa Koopbestuurdersindeks (KBI) het in April gestyg, en is volgens 'n opname besig om na positiewe terrein terug te swaai soos wat nuwe verkoopsbestellings herstel na 'n daling in die vorige maand. Die Standard Bank en IHS Markit Koopbestuurdersindeks (KBI) het in April tot 50,4 indedekspunte geval, vanaf 51,1 in Maart. Die Suid-Afrikaanse nuwevoertuigmark het in April met 3,6% gegroei, tot 36 346 eenhede vergeleke met dieselfde maand verlede jaar. Totale verdienste van Suid-Afrikaanse motorvoertuiguitvoere het in 2017 R164,9 miljard bereik, wat 13,9% van Suid-Afrika se totale uitvoerverdiens uitmaak. SA se petrolprys het op 2 Mei 2018 met 49c/l gestyg, wat toegeskryf word aan die rand se depresiasie teen die VS-dollar oor die algemeen in die tydperk onder beskouing, asook 'n styging in die internasionale prys van ruolie. Die IMF verwag stadiger groei in Suid-Afrika en Nigerië, die kontinent se twee grootste ekonomieë. Rentekoerse in Suid-Afrika sal onveranderd bly tot laat-2019, het die Nedbank Groep se Ekonomiese Eenheid voorspel.

### Tendense en geleenthede

- Vier rentekoersstygings word nog in die VSA in 2018 verwag.
- Stadiger groei word in Suid-Afrika se ekonomie verwag.
- SA rentekoerse sal na verwagting onveranderd bly tot laat-2019.

*"It is health that is real wealth and not pieces of Gold and Silver" – Mahatma Gandhi*

**RvD de Kock**

**PJ de Jongh**

---

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD

Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195

Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: [www.noblepp.co.za](http://www.noblepp.co.za)

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (568)

Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital

**STONEHOUSE**  
CAPITAL

Partnering the Exceptional